

Towerlantern Fotografie
fotografienuus
april 2020



"Die maan, twee dæ na volmaan"
Lensopening f5.6, Sluiterspoed 1/40 sekonde; Fokale lengte 400 mm

Die meeste fotografeer wil een of ander tyd die volmaan afneem. Dit word probeer en gedoen (dalk met 'n gesukkel), maar dan is die teleurstelling groot want die foto lyk nie soos dit moet lyk nie. Ons gee dus in hierdie uitgawe van *Fotografienuus* algemene en spesifieke wenke hoe jy dié taak moet aandurf en hoe jy 'n sukses daarvan kan maak.

Ons gesels ook in hierdie uitgawe oor die uitdrukking "Fotografeer die lig" en gee wenke daarvoor. Onthou ook om te lees wat Johan Groenwald skryf oor "Watter lens nou?" en sy beskikbaarheid by sy komende nuwe winkel. Geniet sommer net

Johan

Redakteur: Johan de Klerk

Bladuitleg: Fransa Vorster

van Colourcode Designs

Wil jy graag 'n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbrief? Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie. Ons ontvang ook advertensies, doen gerus navraag.

voorbladfoto

Belangstellendes – fotografeer en amateurs – sien gewoonlik net die volmaan raak, en veral ook net as die pers daarna verwys wanneer daar 'n sogencemde "supermaan" verwag word. En wil dān daarvan 'n foto neem. Maar daar is ander, selfs meer geskikte, tye ook en ons wil jou graag help om goeie maanfoto's te neem.

Soos die titel van die voorbladfoto sê, is die foto twee dæ na volmaan geneem. Dit is klaar 'n beter tyd as met volmaan. Dan is daar al effense detail op die maan te sien (soos die kraters bo en links bo by die foto). Nog 'n goeie tyd is met sekelmaan.

Ons verduidelik hoekom volmaan nie die geskikste tyd is om die maan af te neem nie. Dit is dan soos wanneer jy 'n persoon van voor afneem met volle beligting van die kameraflits; dus geen detail nie en 'n plat "gesig".

As jy die maan enige ander tyd fotografeer, selfs net twee dæ na volmaan, soos hier, is jou kans op sukses veel beter. Dit is dan asof jy die persoon nog steeds van voor afneem maar met effense skuinsbeligting vanaf 'n ligbron weg van die kamera. Dan begin jy reliëf sien soos links bo in die foto waar die maankraters reeds driedimensioneel vertoon.

Let op na die instellings vir hierdie foto, dit mag jou later help:

- ✓ Fokale lengte (400 mm): 'n ver inzoëming vir goeie vergroting.
- ✓ Lensopening (f5.6): 'n groot lensopening vir maksimum lig.
- ✓ Sluiter spoed (1/40 sekonde): 'n tydsduur vir beste beligting.

Kyk ook nog verder na die wenke wat ons gee om goeie maanfoto's te neem – ons help graag.



Algemene

wenke vir fotografering van hemelligame

▲ Die aarde se maan, twee dæ na nuwemaan

Ons gee die volgende algemene wenke:

- ✓ Gebruik altyd 'n driepoot vir fotografering van **hemelligame**.
- ✓ Moet nooit die **son** afneem nie, tensy dit baie na aan die horison is.
- ✓ Besluit vooraf in verband met **sterre** watter effek jy wil kry (sterpunte of sterstrepe) en doen dan die regte kamera-instellings daarvoor.
- ✓ Kies vir fotografering die **maan** as eerste hemelse (Engels: *celestial*) onderwerp. Dit is die maklikste. Begin dan eerder met 'n sekelmaan as met die volmaan.
- ✓ Die beste tyd vir 'n sekelmaanfoto is die eerste uur of twee na sononder (soos die foto's hierby) of die laaste uur of twee voor sonop.
- ✓ Die beste tyd vir 'n aand-volmaanfoto is 'n dag of twee voor volmaan (ter wille van ligkontras). Vir 'n oggend-volmaanfoto is dit 'n dag of twee na volmaan, om dieselfde rede.
- ✓ Besef dat die maan weens die aarde se rotasie "beweeg". Terwyl jy foto's neem met die kamera op sy driepoot, sal jy dus die heelyd aanpassings moet maak sodat die maan op die LCD-skerm bly.

RIGLYNE

VIR MAAN- FOTOGRAFIE

Aanvaar die volgende (en hou ook die algemene wenke vir die fotografering van die maan in gedagte): Die maan vertoon so groot as moontlik, en volledig, op jou LCD-skerm; die kamera is op 'n driepoot en 'n redelike fokussering is reeds gedoen. Laasgenoemde saak kan moeilik wees en dit is nodig om dalk reeds vooraf met behulp van die sluiterspoed-instelling te onderbelig om die detail van die maan beter te kan sien. Volg nou die volgende voorskrifte.

WAARSKUWING

Weens die rotasie van die aarde – en dus ook die driepoot en kamera – sal die maan na 'n rukkie van die LCD-skerm afloop. Stel dan net weer in!

Hoekpunt Mik net vir die maan (of moontlik daarmee saam ook vir die horison of wolke).

Fokusvlakke Daar is nie verskillende fokusvlakke nie.

Tipe lens en fokale lengte Gebruik verkieslik 'n lens waarvan die fokale lengte verstel kan word (dus byvoorbeeld eerder 'n 120-400 mm lens as 'n vaste 100 mm lens). Zoem so ver as moontlik in om 'n beeld so groot as moontlik te kry.

Portret- of landskapformaat Dis nie belangrik nie.

ISO Stel die ISO laag, byvoorbeeld 100-200.

Witbalans Eksperimenteer met die witbalans, maar eerder natuurlike as kunsmatige lig.

Lensopening Kies 'n groot lensopening vir maksimum lig.

Fokussering Kontroleer weer die fokussering – dit moet beslis baie skerp wees. Gebruik hiervoor die seë op die maan, met volmaan, en enige ander tyd kraters op die maan, veral by die rand tussen lig en donker (die sogenoemde skemerlyn).

Sluiterspoed Verstel die sluiterspoed sonder die gebruik van die liniaal vir die korrekte beligting (hou dit op die skerm dop). Onderbelig indien nodig. (Omdat die maan moontlik 'n klein gedeelte van die totale foto beslaan, kan die ligmeter verkeerd wys. Andersins, gebruik puntligmeting (Engels: *spot metering*).

Fyn fokussering Kontroleer nog weer vir 'n skerp fokussering.

Stel dan weer in. Sterkte – ons sien daarna uit om van jou foto's te ontvang. Die maan is die enigste hemelliggaam wat sinvol met 'n gewone kamera afgeneem kan word. Sterkte dus daarmee – ons sien daarna uit om jou foto's te ontvang.

Interessante in verband met ons *maan*

Die "patrone" wat ons op die maan sien is kraters (soos op die boonste rand van die voorbladfoto) en seë (Latyn: *mare*, meervoud *maria*) soos op die res van die foto. Die term "see" is misleidend want daar is geen water op die maan nie sodat benaming soms ironies kan wees. As voorbeeld: een van die grootste seë op die maan heet *Mare Foecunditatis*, in Afrikaans Vrugbaarheidsee.

Die maan is die aarde se enigste maan (Engels: *satellite*). Sommige planete het geen mane nie, byvoorbeeld ons buurplaneet Venus (die aandster wat ons dikwels so mooi sien) ander weer meer as een, byvoorbeeld ons ander buurplaneet Mars, met twee mane Phobos en Deimos.

Die "supermaan" waarvan daar deesdae in die pers 'n groot ophef gemaak word, is niks besonders nie. Die *Sterrekunde-woordeboek* bevat selfs nie eens die term "supermaan" nie. Natuurlik is die maan by tye nader en by tye verder van die aarde, maar dit is nie asof jy met jou oë enige verskil in grootte sal agterkom nie.

Die maan beweeg van WES na OOS – ja, jy het reg gelees! As jy dit nie glo nie, hou die maan vanaf sekelmaan vir 'n paar aande na mekaar ongeveer op dieselfde tyd dop; en sien hoe dit ooswaarts aanbeweeg ten opsigte van die steragtergrond.

Die maan is van die vroegste tye af gebruik as tydhouer vir wat ons vandag ken as 'n "maand". Sommige lande, byvoorbeeld Israel het reeds al in die Bybelse tyd en nog steeds in ons tyd 'n maanmaand, terwyl ons, en die hele Weste, 'n kalendermaand het wat elk ongeveer 1/12 van 'n jaar is (en dus aan die son gekoppel is). Lande wat 'n maanmaand gebruik moet gereeld (rofweg elke tweede jaar) ook 'n skrikkelmaand invoeg.

NUUS IN VERBAND MET TOWERLANTERN SE KURSUSSE

Tans is drie van ons plaaslike kursusse aan die gang, naamlik twee gevorderde kursusse en een spesialiskursus. Dan is daar ook aanlynstudente wat besig is met die eerstevlak, gevorderde vlak en spesialisvlak.

Natuurlik raak die koronavirus ons ook, maar gelukkig kan die aanlynkursusse op aldie vlakke met gemak aangaan. En gelukkig kan ons die plaaslike kursusse per e-pos en whatsapp aanlyn hanteer. Ons is baie dankbaar daaroor – en bly mooi virusvry.

Ons beplan egter tans nog nie ons volgende plaaslike eerstevlakkursus (geskeduleer vir Mei) nie. As jy egter weet van iemand wat dié kursus wil doen, of as jy dit self wil doen, nou is die geleentheid om dit aanlyn te doen. Ons hoor gaag van jou.



Maanfoto's hoef nie noodwendig net foto's te wees wat tegnies korrek is nie (soos in hierdie uitgawe beskryf word). Dit kan ook kunssinige foto's wees, soos die foto van Pedro Rankin hierby. Let veral op na die besondere atmosfeer wat die wolkies skep.

Ons weet dat seegetye (hoog- en laagwater) deur die maan veroorsaak word. In vroeër eeue was dit 'n groot vraag wat die oorsaak van getye is. So het Kepler, die beroemde sterrekundige van die 1600s volgens *Scientific American* geglo "that the earth was a real living animal, that the tides were due to its respirations, and that men and beasts were like insects feeding on its back". Vir meer sulke verhale gaan kyk by <https://www.scientificamerican.com/article/the-tides-1858-01-23/>




Fotografeer die lig!

Ons gee soms by Towerlantern aan ons studente die opdrag "Fotografeer die lig!" Meermale is die verbasing groot, en 'n nie-fotograaf sou miskien selfs totaal in die duister wees, in plaas van in die lig. Ons verduidelik die saak soos volg:

By die neem van ALLE foto's is daar ALTYD lig betrokke. Selfs in die donkerste nag in die Karoo, sonder maanlig, maar net met sterlig, sou jy met 'n lang sluiterspoeë 'n landskapfoto kon neem.

Die opdrag *Fotografeer die lig!* moet dus iets anders beteken as die bogencemde. Die verduideliking is egter eenvoudig: "Fotografeer die lig" bedoel, lê klem op lig *in* jou foto's (en nie lig *vir* jou foto's nie). Met die volgende voorbeelde word die saak geïllustreer.



'n **Nabyfoto** van 'n enkel onderwerp in die helder son met alles verder in die skadu.



'n **Tuinfoto** met 'n helder ligkoltoneel, geneem vanuit 'n donker skaduwee.
(Foto deur Fransa Vorster)



'n **Agterbeligte onderwerp** met lig en skadu belangriker as die onderwerp self.



'n **Landskaptoneel** met klem op lig in 'n veldtoneel wat andersins in die skadu is.



'n **Abstrakte toneel** met klem op lig en kleur.

Foto-uitdaging


Hier is 'n lekker uitdaging: Probeer aandfoto's op straat neem, soos in die foto.



Daar is wel 'n paar voorwaardes:

- ✓ Sorg dat dit veilig is waar jy heengaan – soos wat die geval was toe hierdie foto's in Potchefstroom, die Bult, geneem is.
- ✓ Bewaar (tans) 'n meter-afstand tussen jou en enige ander persoon.
- ✓ Moenie 'n kameraflits gebruik nie.
- ✓ Probeer kreatief wees – doen enige ding.

Stuur vir ons jou foto's!



Hoewel mensfotografie reeds vroeg in die geskiedenis van die kamera beoefen is, was die eerste foto's nie dié van mense nie.

Die heel eerste foto is teen ongeveer 1826 geneem terwyl die eerste foto, Boulevard du Temple, met 'n mens daarop (links onder op die foto) eers in 1838 geneem is.

Die rede vir dié tydsverloop was die feit dat vroeë sluiterspoede baie lank was (selfs etlike minute) – en natuurlik kon geen mens so lank stilsit nie.


Watter lens nou?

Jy het jou nuwe Digitale SLR kamera gekoop. Die pakket het gekom met een of twee lense en jy speel lekker. Jy is besig om jou kreatiwiteit te ontwikkel en jou kamera te leer ken, hopelik saam met 'n groep mense in 'n fotografieklass.

Tussen jou kursus-take deur speel jy in die tuin en kom agter dat jou lens/lense nie wyd genoeg is of naby genoeg kan "zoom" nie.

Maklike oplossing: Gaan koop 'n lens! Watter een?!

Met letterlik honderde lense beskikbaar kan dit 'n nagmerrie wees om te besluit op die regte lens.



Die beste manier om hierdie besluit te maak is eerstens te verstaan wat die fokale lengte van 'n lens beteken en tweedens wat se tipe fotos jy graag wil maak.

Die foto links illustreer die effek wat die fokale lengte op die eindproduk het – hoe groter die "mm" van die lens, hoe meer die "zoom". Deur hierdie voorbeeld (daar is nog baie ander voorbeelde op Google se "Image search" – soek vir "focal length comparison") te gebruik en te weet watter tipe fotos jy graag wil neem kan jy begin "shop"!

NB! Moet nooit die waarde onderskat om met 'n verkoops persoon te gesels wat jou met die regte raad kan help nie.

dynamic choices

group (pty) ltd.

Winkel 1
Rotty's Business Park
Holtzhausenweg 28-30



Binnkort oop!!!

082 786 5181

waardering van *lesers*

Twee gewaardeerde vriende skryf die volgende (en baie dankie daarvoor):

Lydia le Roux, van Eendekuil in die Weskaap:

En ek wil weer spog: Jul kursusse moet beslis iets reg doen, want my inskrywingsfoto van ons "Boom"-tema verlede jaar het sowaar eerste plek gekry by ons plaaslike Weskus-klub. Nou gaan dit deur na die volgende groot algemene geleentheid toe.


Braam Pieterse, Potchefstroom:

Die *Fotografienuus* is altyd besonders. Maar die jongste een [Maart 2020] is buitengewoon! Die neem van die foto's, én die saamstel daarvan is werklik goed gedoen. Geluk daarmee!



ZOEM JY IN OF ZOEM JY UIT?

Hierdie handige diagram wys die wydte in grade wat spesifieke lense kan afneem. Stoor dit gerus vir latere gebruik.



Bron onbekend